

**Skriflesing:** Jesaja 7:10-16; Jesaja 26:12-13

Teks: **Jesaja 7:14; Jesaja 26:12-13**

**Sing-** Ps. 105:4; Ps. 62:4; Ps. 21:5

Wanneer ons die gedeelte uit Jesaja 7 lees, broeder en suster, dan is daar 'n gevaar om te gou en te veel alles rondom Kersfees in hierdie teksverse in te lees. Die besondere Immanuel-teken wat hier van gepraat word sal egter baie wyer as net rondom die geboorte van Christus sy toepassing vind. Ja, met wat ons vandag as Geloftedag vier het hierdie teken in verskeie opsigte ook betekenis vir Geloftedag. So ook Jesaja 26. In Jesaja 26 wat ons as teksverse daar gelees het, staan daar eintlik drie dinge- Daar is 'n innig verhouding met die Here, want in vers 13 lees ons- *HERE, onse God...* Dit gaan om 'n innige verhouding met die Here, as jy die Here, onse God kan noem!. Watter voorreg het die mens om God so te mag noem. Onse God... Die Almagtige God, die Skepper van hemel en aarde, die Koning van die eeue, Hy is die God van sy kinders, onse God ook vandag. Die God wat by Bloedrivier, onse God vir sy kinders daar was.

Die tweede gedagte is dat God werklik vir ons goed is. Hy doen alles vir ons. Jesaja 26:12- *U het ook al ons werk vir ons volbring.* Of soos dit dan ook vertaal kan word- *U doen alles vir ons...*

En dan die laaste gedagte wat hierdie Geloftedag mee saamtrek is dat God alleen vrede kan beskik. Dit is iets wat waarlik geglo moet word. Die geloof van 'n volk, ook die Afrikanervolk moet hieraan verbind staan. Vrede is op aarde 'n baie skaars item, maar God beskik daarvoor. Eerste dan -

**Om God, onse God te mag noem:**

As ons na Jesaja 7 terugkeer, dan het die koning van Israel, koning Agas dit nie kon regkry om God onse God te noem nie. Dit alles vind plaas so 733vC. Agas was benoud dat twee manne Resin koning van Aram. en Peka hom gaan aanval. 2 Kon 16 en 2 Kron. 28 bevat die volle verhaal. As ons die begin van Jesaja 7 lees dan gaan Jesaja en sy seun (Sjear ja-Shub) na die koning om die koning te oorreed jy mag maar op die Here vertrou. Jy mag die Here *jou God* noem. Die Here stuur Jesaja om vir koning Agas te sê dat Resin sal nie slaag om Jerusalem aan te val nie (7:3-8). Al wat die Here van jou vra Agas is dat jy op die Here moet vertrou. Die Here se beloftes is ook vir jou. Glo in die Here, want Hy is onse God. Dit wat Jesaja 26 so pragtig onderstreep.

Wat doen Agas, broeder en suster? Dit gebeur so maklik. Agas wil vir Jesaja laat verstaan, moet nie nou met godsdienstige praatjies na my toe kom nie. Ons verkeer in te groot gevaar dat ek my nou nog aan jou moet steur. Agas het in alle geval in sy agterkop klaar 'n ander plan wou maak. Om nou met geloof en sake rondom geloof sy tyd te verspeel kan nie bekostig word nie. Agas se plan is hy gaan Nineve toe gaan, hy gaan sy kneg na die stad in Assiriërs stuur om hulp te vra. Koning Tiglat- Pileser van Assirië sal my help. Jesaja is eintlik nou net lastig.

En dan gebeur wat God dikwels deur sy profete doen. Ons het al paar weke terug daarna verwys dat God sy hart vir ons oopmaak. Ons kry 'n kyk in God se hart. God wil vir ons 'n God wees. Daarom gaan God nog 'n ent vêrder met Agas. God bied aan om vir Agas 'n teken te gee- dit wat God doen om vir ons 'n God te wees. Agas wil nie hierdie teken hê nie! Hy sê dit ook Jesaja, jy moet dit nie vra nie- Hou op - . So half verskonend antwoord Agas vir Jesaja- v.12- *Ek sal nie eis nie en die HERE nie versoek nie*

Ten spyte van Agas se verskoning en sy pleit dat hy nie die teken wil sien of hoor nie, het Jesaja eenvoudig daarop aangedring. Jesaja het daarop wou wys hoe God onse God is. Die teken, byna 800 jaar voordat Christus gebore was, was daar sprake van 'n jong vrou, sommige vertalers vertaal dit alreeds as maagd- *Kyk, die maagd sal swanger word en 'n seun baar en hom Immánuel noem...* Nou is die teken uit. Ons kan hierdie seuntjie wat gebore gaan word nie dadelik na Jesus laat heenwys nie, want wys Jesaja hierdie seuntjie is wel een wat nie altyd die kwaad sou kon verwerp nie. Jesus Christus weet ons het altyd die kwaad kon verwerp. Jesus het nooit gesondig nie. Daarom kan ons die woorde in hierdie teken van Jesaja nie dadelik net so op Christus wil toepas wat as Mens 800 jaar later sou kom nie.

Maar wat sê hierdie teken baie duidelik. Die teken wys dat hierdie seuntjie gaan optree. Hy gaan wys dat God onse God is. Die seuntjie se eie smaak sal nog nie eers behoorlik ontwikkel wees nie, *dan sal die land vir wie se twee konings jy bang is verlate wees...* (v.16). Sy naam gaan wees Immanuel- GOD MET ONS. Hier word van hierdie seuntjie wonderlike dinge gesê. Al kan ons nie met die seuntjie sommer eensklaps na Christus spring nie, is die seuntjie nie van Christus geskei nie. Tussen Resin en Peka, die twee konings waarvoor jy so bang is, Agas, die seuntjie sal tussen hulle gaan staan, hy sal oorvloed geniet, dikmelk en heuning. Met die seuntjie gaan dit goed, met Resin en Peka, die twee manne vir wie Agas so bang is, met hulle sal dit nie goed gaan nie, maar nou wil Agas nie God sien as onse God nie.

Daarom dat Jesaja hierdie seuntjie aantoon, maar Agas jy is bang vir Resin en Peka. En dit is hoe God se profete praat- hard, duidelik, sonder om doekies om te draai. Agas vanweë die feit dat jy God nie as onse God eer nie, nou gaan daar baie meer swaarder dinge kom as wat Resin en Peka ons kon aandoen. Ons vyande gaan nou soos bye en muskiete op ons toesak. Die Here bring nou ook Egipteland oor ons. Soos die bye van die berge en die muskiete en steekvlieë van die Nyldelta sal die Assiriërs – wat jy gedink het ons vriende is- hulle wie jy gedink het jou téén Resin en Peka moet help, die Assiriërs hulle gaan ons land beset. Die Here fluit en die steekvlieë kom... Saam met die Egiptenare gaan hulle ons oorrompel. Hulle gaan alles vat, ook ons waterplekke, dit wat Agas heelyd as hoogste prioriteit in sy verdediging wou vooropstel.

Jesaja maak dit al duideliker aan Agas, Agas jy sal sien dat God in elke opsig die wêreldgeskiedenis beheers. God het ook die Egiptenare en die Assiriërs onder sy mag. Jy sal dit sien Agas- God met ons sal vir jou die teken wees. Die God met ons sal vir jou herinner, daardie seuntjie van die jong vrou, hy sal jou gewete wees. Hy, God met ons, die seuntjie sal vir jou 'n teken van skande wees, hy sal vir jou 'n teken van verwoesting wees, daar sal byna niks in ons land oorbly nie, 'n man sal maar net 'n koei en paar stukkie vee het. Die massas in ons land sal in skande weggevee word, want God wat onse God wil wees, jy het mos gedink Assirië sal ons beter kan help as God. Nou het God-met-ons alles omgekeer.

Broeder en suster, vandag kan ons die Here dank dat daar in ons volk wel 'n tyd was, wat daar anders geglo was. Anders as Agas. Agas wat nie wou glo dat die Here, die Immanuel, God met ons kan hom help nie. Andries Pretorius, Sarel Cilliers, daardie klein minderheid, die klein klompie mense daardie dag teen duisende en duisende Zoeloes, hulle het, wou glo God kan ons help. God het gehelp. Hulle het ons eerste punt eintlik net onderstreep, dit wat Jesaja 26 vers 13 staan, God wil vir ons 'n God wees, God wil dat ons 'n innige verhouding met Hom sal hê. Die woorde van Jesaja 26:13 kan oor die laer van Bloedrivier geskryf staan- **13** *HERE, onse God, ander here (dink aan koning Dingaan) buiten U het oor ons geheers, maar deur U alleen prys ons ú Naam.* Dingaan is in die Here se Naam verslaan... Die klein seuntjie het opgestaan... 'n klein volkie is deur God opgerig...

In Jesaja 26 het ons ook geles dat God waarlik vir ons goed is. Die Here doen alles vir ons. Vers 12- *U het ook al ons werk vir ons volbring.* Hieruit kom dan ons tweede gedagte op hierdie Geloftedag-

**Hoe God wel beskik-**

Ons kan hier Jesaja 26 maar net toepas ook op Geloftedag. Tussen Jes. 7 en Jes. 26 lê ook al weer 'n lang pad in die profesie. Intussen waar Jes. 7 die oordeel aankondig oor Agas dat Assirië oor ons gaan heers, kan Jes. 26 weer verlossing aankondig. Assirië sal ook verslaan word. Ja, God het in die Bybel baie manne tot verlossing laat dien. Dawid, Simson, Gideon, daar is baie... Mense deur God beskik. Ja, vandag staan ons by Geloftedag by dieselfde feit. God het mense beskik soos Andries Pretorius, Hans Dons de Lange, Sarel Cilliers, alles behalwe volmaakte mense, later dan kom ons agter in Transvaal, tussen Pretorius en Potgieter gaan dit nie goed nie. Pretorius maak baie foute, soos wat daar nie een van ons is, wat nie baie foute en skandes maak nie. Met Sarel Cilliers se kerkbegrip en Sabbats begrip het ek baie moeite, dit daargelaat. Hoeveel foute, skandes was daar op iemand soos Simson. Dit is nie die punt waarom dit moet gaan nie.

Die feit is op 16 Des 1838 het God dit beskik dit wat hierdie tweede hoofpunt stel dat God alles daar gedoen het. Jes. 26:12 sê- *U het ook al ons werk vir ons volbring...* Die seuntjie van Jes. 7 wat aanvanklik maar op 'n gewone mensekind kon dui, die seuntjie van 'n jong vrou, (dit was die teken!) maar niemand kan dit betwyfel of wegneem nie, dit staan darem net te duidelik dat Jes 7:14 moet uiteindelik in sy volle betekenis by Christus uitkom. (Die teken kry net al hoe voller en duideliker betekenis!)Hy wat nie net uit 'n jong vrou gebore is nie, maar gebore uit die maagd Maria. Mattheus sien duidelik Jesus se koms in hierdie Immanuel teken. Hy die God met ons. Die verwagtinge is vervul.

Ja, die Voortrekkers by Bloedrivier het vir Christus geken. Hulle het Hom in alles wou ken. Die Gelofte laat daarvoor nie twyfel nie. Elke keer wat dei gelofte in 'n gebed gebid was, kan ons maar weet hulle sou dit nie sonder Christus wou doen nie. Hulle sou dit wou doen met die volle besef, dat God met ons moet wees. Weereens Immanuel by ons. Vir Agas was hy teken van sy gewete, teken van skaamte, teken van skande, teken van verwoesting maar vir die Voortrekkers by Bloedrivier is IMMANUEL net een teken, teken van hulle oorwinning. Sonder Hom sou hulle nie kon oorwin nie, maar geliefdes, Jesaja 26:13 praat ook van vrede. Voordat daar nog gepraat word oor hoe die Here alles sal doen, hoe die Here beskik, U het

ook al ons werk vir ons volbring, vers 12 begin- *HERE, U sal vir ons vrede beskik*. Ons laaste gedagte is dan-

**God alleen beskik oor vrede:**

Dit is waarna die Voortrekkers so verlang het. Retief se besoek Feb. 1838 aan Dingaan was om geen ander rede as 'n soeke na vrede nie. Die traktaat soos deur die Voortrekkers opgestel bevestig dit. Ons vier een van die dae Kersfees hier gaan ons die seuntjie in Jes. 7 nou in sy volle koms sien, want na Kersfees wag daar weer op ons 'n Nuwejaar. 2013. Watter wonderlike geskenk om na 'n geseënde Kersfees jou toegebid te mag hoor dat 2013 'n jaar van vrede vir ons mag wees. Vrede kan daar nie wees sonder die teken aan Agas nie, sonder die Immanuel teken nie. Daar kan nie vrede wees sonder God met ons nie! Die seuntjie in Jes. 7 moet die geloof volmaak. Die geloof wat ons as volk ook vandag vir die Here mag vra. Regeer in vrede oor ons, Here. Wanneer 'n enkele mens maar ook 'n hele volk dit van die Here mag vra, dan weet die mens en sy volk dat ons toekoms is in God se hande.

God het met ons as Afrikaners ook 'n definitiewe plan. Ons het as volk nog 'n roeping. Dit is nie net individue wat geroep word nie, maar volke word ook geroep. Hoe gevaarlik as volkere nie na God wil luister nie. Dit kan hulle einde as volk beteken. Hoe naby het die einde van 'n volk gekom wanneer 'n volk nie meer dink dat God my roep nie. Ek wonder baie keer of die Afrikaner nie naby hierdie punt gekom het nie... Dit is alleen in God se hande.

Ons is nie in dieselfde posisie as Israel nie, ons kan ons nooit met hulle posisie gelykstel nie, maar tog het ons dieselfde posisie en dieselfde roeping as alle ander volke op aarde. 'n Roeping om God se Koninkryk te soek, om sy Woord uit te dra, ja op elke terrein van ons lewe maar ook in ons as volk se lewe moet ons dit wil duidelik maak dat God ons Koning is. Wanneer Jesaja 26 vir die Here sê - *U regeer in vrede oor ons* of *U sal vir ons vrede beskik*, dan erken ons op hierdie Geloftedag voor die Here, dat die oorwinning by Bloedrivier was iets van 'n vrede wat God wou beskik. Die werklike Vredevors, Raadsman, Sterke God, ewige Vader, Hy wat Wonderbaar is (vgl. Jes. 9:5), die heerskappy is op Christus se skouers. By Bloedrivier het Hy dit gewys, maar op die einde gaan dit om sy bloed, die bloed van Christus wat die heil kon bring, wat die vrede kon bring en niemand anders nie. Dit wat Agas nie wou glo nie, Hy is ons Verlosser, sy Koninkryk is nie van hierdie wêreld nie, maar tog wil Hy vir hierdie wêreld so baie beteken. Hy wil juis die Immanuel wees- God-met-ons. Ja, onthou hierdie drie punte- God wil onse God wees, Hy is die God wat die oorwinning by

Bloedrivier beskik het, ja die geloof van ons volk moet wees dat Hy regeer in vrede oor ons. Ons is nie maar sommer enige “ons” nie. Ons is diegene wat ons in solidariteit by die Gelofte van 1838 voeg, dan is ons diegene wat God aan ons die mag gegee het om kinders van Hom te wees, ja almal wat in sy Naam glo.

AMEN